## RAAK BETROKKE BY DIE PARLEMENT

Die Grondwet gee die Parlement 'n mandaat om die publiek by sy werksaamhede en verrigtings te betrek. Daarom moedig ons jongmense aan om betrokke te raak by die Parlement se werk. Daar is verskeie maniere om dit te doen: Jy kan bv. deelneem aan 'n begeleide toer op besoek aan die Parlement; jy kan ook die webtuiste www.parliament.gov.za besoek, of ons mobiele perseel by m.parliament.gov.za, of jy kan ons op twitter volg by @ParliamentofRSA, of jy kan ons Facebook-bladsy nagaan vir die jongste inskrywings, of inteken op die Parlement se YouTube-kanaal by youtube.com/ParliamentofRSA.

Om die Parlement meer toeganklik te maak, het ons 'n program getiteld "Member's Interface" wat dit vir jongmense moontlik maak om met 'n bepaalde Parlementslid te skakel oor sake wat hulle raak. Jongmense kan ook hul stemme laat hoor deur mondelinge of skriftelike voorleggings.

Die jeug vorm ook deel van die publiek wat Komiteevergaderings mag bywoon. Dit is waar die grootste deel van die Parlement se werk verrig word, en jongmense kan hierdie sittings bywoon om dit dop te hou en hulself in te lig en te bemagtig.

Daarbenewens het die Parlement verskeie inisiatiewe wat spesifiek op jongmense gemik is, soos bv. die National Youth Parliament (Nasionale Jeugparlement) en die Youth Round Table Discussions (Ronde Tafel Besprekings vir die Jeug). Dit is 'n platvorm wat die Wetgewende sektor vir jongmense geskep het om gedagtes uit te ruil, oor die toekoms te besin en oplossings voor te stel vir uitdagings waarmee hulle te kampe het. Dit bied aan jongmense die geleentheid om uit te vind watter rol hulle as aktiewe burgers van Suid-Afrika kan speel, en watter verantwoordelikhede daar op hulle rus ten opsigte van maatskaplike samehorigheid en nasiebou. Die National Youth Parliament beoog onder meer die volgende:

- Om die studente-opstand van 1976 te herdenk en om te besin oor die belangrike bydrae wat dit gelewer het om Suid-Afrika demokraties te maak;
- Om 'n geleentheid te skep om gedagtes uit te ruil oor die hoe die jeug van 1976 die geskiedenis belewe het;
- Om 'n geleentheid te skep vir 'n gesprek oor die belangrikste vraagstukke waarmee die jeug van vandag worstel;
- Om saam daaroor te besin oor hoe vandag se jeug meer doeltreffend bemagtig en bekwaam kan word;
- Om jongmense meer bewus en kundig te maak oor die rol van die Wetgewende Sektor;
- Om geleenthede te skep waar die jeug kan deelneem aan die wetgewende en ander bedrywighede van die Wetgwende sektor;
- Om maatskaplike samehorigheid te bevorder;
- Om te verseker dat die Wetgewende sektor sake bespreek en toesig hou oor die toepassing en aanwending van beleidsrigtings en wette wat jongmense in Suid-Afrika regstreeks raak; en
- Om die Uitvoerende Gesag aanspreeklik te hou.

## SLOT

Die Parlement het die gebruik om elke jaar op 16 Junie eer te betoon aan die Suid-Afrikaanse jeug, deur erkenning te gee aan die rol wat jongmense gespeel het in die land se bevryding van die Apartheidsregime. Hierdie eerbetoon vind o.a. neerslag in instellings soos die Youth Parliament (Jeugparlement) en die Youth Round Table Discussions (Ronde Tafel Besprekings vir die Jeug). As 'n nasie streef ons die doel na van 'n nie-rassige gemeenskap op die grondslag van die basiese regte en vryhede verskans in ons Grondwet. Tesame streef ons die doelstellings van die National Development Plan (Nasionale Ontwikkelingsplan) na, naamlik om 'n beter toekoms vir Suid-Afrika se jeug te verseker. Dit word gedoen deur beter opvoedkundige en ekonomiese geleenthede vir jongmense te skep, sowel as deur 'n doelbewuste stryd teen geslagsongelykheid.

Produced by Public Education Office

www.parliament.gov.za
P.O. Box 15, Cape Town, 8000.
Telephone: (021) 403 3341
Facsimile: (021) 403 3535

CELEBRATING SOUTH AFRICAN YOUTH

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DIE VIERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG IN 2017



# DIE VIERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG IN 2017

## AGTERGROND

Die 16de Junie herdenk die opstand van 1976 wat in Soweto begin het. Dit het landwyd versprei en die sosio-ekonomiese landskap van Suid-Afrika verander. Op daardie dag het tussen 3000 en 10 000 swart studente 'n vreedsame optog gehou om protes aan te teken teen die Wet op Bantoe-Onderwys. Hierdie Wet is deur die Apartheidsregering uitgevaardig om 'n afsonderlike leerplan vir swart leerders voor te skryf – 'n leerplan wat nie gelykwaardig was aan dié vir blanke leerders nie. Boonop het hierdie Wet Afrikaans as verpligte voertaal voorgeskryf.

In hul opmars deur die strate van Soweto is die studente ingewag deur 'n swaar gewapende polisiemag wat traangas en later selfs skerp ammunisie teen die betogende studente gebruik het. Dit het gelei tot wydverspreide verset wat op sy beurt omgeslaan het in 'n algemene opstand teen die Apartheidsregering.

Vandag streef Suid-Afrika daarna om 'n nie-rassige gemeenskap te bou op die grondslag van die basiese regte en vryhede wat in die Grondwet veranker is. Dit is daarop gemik om die menseregte van alle Suid-Afrikaners te bevorder en te beskerm.

Vanjaar word gekenmerk deur die 41ste herdenking van daardie historiese dag, sowel as deur die twintigjarige bestaan van sowel die Grondwet asook die Nasionale Raad van Provinsies.

## VIERING TER ERE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG

Die Parlement besef dat die Jeug die toekomstige leiers van ons land is, daarom is daar wetgewing wat daarop gemik is om jongmense te help om hul volle potensiaal te verwesenlik. Die jeug word aansienlik gekniehalter deur werkloosheid, armoede, ongelykheid en sosio-ekonomiese uitdagings.

Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) gee erkenning aan die feit dat 'n land se ontwikkeling en groei beïnvloed word deur die mate waarin hy die vaardighede van sy jeug ontwikkel en hul lewensvooruitsigte koester. Hoogs bekwame jongmense is beter toegerus om die land op 'n gesonde groeikoers te plaas en die staat se vermoë tot dienslewering te verbeter. Die NOP erken ook dat die jeug 'n selutelrol speel in die ontwikkeling van die land en besef dat Suid-Afrika groot getalle jeugdiges het en 'n groot bevolking in die ouderdomsgroep wat vir werk geskik is, en dat dié groep 'n belangrike aandeelhouer is in die skepping van 'n ontwikkelingsgerigte en vooruitstrewende Staat.

Die NOP beoog om o.a. die volgende te bereik:

- Die verbetering van die onderwysstelsel. Dit sluit o.a. 'n toename in die getal leerders wat meer as 50 persent in letter- en syfervaardigheid bereik, die verhoging van die getal skoolvoltooiers tot 90 persent en die bevordering van onderwyser-opleiding;
- Die ondersteuning van jeugdiensprogramme en die instelling van nuwe, gemeenskaps-gebaseerde programme om jongmense opleiding in lewensvaardighede en entrepreneurskap te bied sowel as geleenthede om aan gemeenskaps-ontwikkelingsprogramme deel te neem;
- Om die VOO-kolleges te versterk en te vermeerder, sodat die deelname-koers van jeugdiges tot 25 persent verhoog kan word;
- Om die slaagkoers van VOO kolleges tot 75 persent te verhoog;
- Om hulp in die vorm van volledige befondsing te voorsien, wat klasgelde sowel as die koste van handboeke, verblyf en onderhoudstoelae vir behoeftige studente insluit;
- Om gemeenskaps-veiligheidsentrums te ontwikkel, om sodoende misdaad te voorkom en jongmense by hierdie inisiatiewe te betrek;
- Om belastingaansporings aan werkgewers te betaal en sodoende die koste van indiensneming van jong toetreders tot die arbeidsmark te verminder;
- Om subsidieë aan die plasingssektor te betaal ná die suksesvolle plasing van graad 12-skoolvoltooiers in poste;
- Om leerderskappe uit te brei en opleidingskoepons regstreeks beskikbaar te stel aan werksoekers;
- Om 'n geformaliseerde skema vir die werwing van gegradueerdes vir die staatsdiens in te stel en sodoende hoogs bekwame mense te trek; en
- Om die rol van staatsondernemings in die opleiding van ambagslui en tegniese beroepslui uit te brei.

Op die vlak van die vasteland verwoord Agenda 2063 o.a. die strewe na die mens-gedrewe ontwikkeling van Afrika, wat die potensiaal van die jeug sal verwesenlik. Dit behels die ontwikkeling van 'n beleids- en regsraamwerk waarbinne jeugwerkloosheid uitgeskakel word en die jeug verseker sal wees van volle toegang tot onderwys, opleiding, vaardighede, tegnologie, gesondheidsdienste, werkgeleenthede en ekonomiese geleenthede. Agenda 2063 stel 'n vasteland in die vooruitsig waar jong mans en vroue die pioniers van die kennisgemeenskap van Afrika sal wees en sal bydra tot vernuwing en entrepreneurskap. Voorts word daar erken dat die potensiaal van die jeug alleenlik deur die voortgaande skepping van volhoubare geleenthede ten volle verwesenlik kan word.

## DIE ROL VAN DIE PARLEMENT IN JEUGONTWIKKELING

Die Parlement het verskeie komitees wat hulle met jeugsake bemoei, soos bv. die Portefeuljekomitee oor Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede en die Gekose Komitee oor Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede. Hierdie komitees is verantwoordelik vir toesighouding oor jeugsake en moet hulle bemoei met wetgewing wat jongmense raak.

Binne sy omvattende mandaat van wetgewing het die Parlement al talle wette uitgevaardig, soos bv. die Broad-Based Black Economic Empowerment Act (Wet op Wyd-Gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagting) van 2003, die Skills Development Act (Wet op Vaardigheidsontwikkeling) van 1998 en die Employment Equity Act (Wet op Billike Indiensneming) van 1998.

In die National Youth Policy 2015-2020 (NYP 2020) (Nasionale Jeugbeleid 2015-2020) het Suid-Afrika maatreëls byeengebring wat daarop gemik is om jongmense die geleentheid te gee om betrokke te raak by die omvorming van die ekonomie en die die gemeenskap. Die hoofdoel van die NYP 2020 is om jongmense te bemagtig om hulle volle potensiaal te verwesenlik en 'n sinvolle bydrae te lewer tot die ontiwkkeling van 'n nie-rassige, gelyke, demokratiese en vooruitstrewende Suid-Afrika.

Daarbenewens behartig die National Youth Development Agency (NYDA) (Nasionale Jeug-Ontwikkelingsagentskap) die belange van die jeug, soos bepaal deur die National Youth Development Agency Act (Wet op die Nasionale Jeug-Ontwikkelingsagentskap). Hierdie liggaam het ten doel om regstreeks te reageer op ekonomiese uitdagings wat jongmense mag ondervind. Dit word gedoen deur 'n platvorm te skep vir werkskepping, vaardigheidsontwikkeling en die oordrag van vaardighede aan jongmense in Suid-Afrika.

Voorbeelde van wetgewing wat die jeug raak en wat oor die afgelope 20 jaar uitgevaardig is, sluit die volgende in:

- Die Grondwet
- National Youth Development Agency Act (Wet op die Nasionale Jeug-Ontwikkelingsagentskap)
- South African Schools Act (Suid-Afrikaanse Skolewet)
- Continuing Education and Training Act (Wet op Voortgaande Onderwys en Opleiding)
- Higher Education Act (Wet op Hoër Onderwys)
- Skills Development Act (Wet op Vaardigheidsontwikkeling)
- Employment Equity Act (Wet op Billike Indiensneming)
- Broad-Based Black Economic Empowerment Act (Wet op Wyd-Gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging)

In die uitvoer van sy toesighoudende rol waak die Parlement dus oor die voldoening aan hierdie wette en bevorder dit gehalte-dienslewering en verantwoordbaarheid. Die Parlement het Portefeuljekomitees en Gekose Komitees op die been gebring om die regering verantwoordaar te hou vir die toepassing van hierdie wette, nl. die Portefeuljekomitees vir Basiese en vir Hoër Onderwys, die Gekose Komitee vir Sport en Ontspanning en Onderwys en die Portefeuljekomitee vir Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede.

## VIERING VAN DIE TWINTIGJARIGE BESTAAN VAN DIE GRONDWET EN VAN DIE NASIONALE RAAD VAN PROVINSIES

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika herdenk tans twee mylpale wat 20 jaar gelede bereik is: die aanvaarding van ons wêreldgehalte-grondwet asook die stigting van die NRVP. Die Grondwet is die hoogste wet van ons land, en dit is ons plig om dit hoog te hou, te verdedig en te beskerm. Elke Suid-Afrikaner, jongmense inkluis, kan met reg trots wees op ons Grondwet.

Die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) het op 6 Februarie 1997 sy beslag gekry. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika het die weg gebaan vir die stigting van die NRVP as die tweede Huis van die Parlement. Die Grondwet bepaal dat die NRVP die plig het om die provinsies te verteenwoordig, om te verseker dat provinsiale belange op die nasionale regeringsvlak in aanmerking geneem word. Die NRVP is 'n belangrike instrument om die doel van samewerkende regering te bereik. Die oogmerk van die Raad is om wedersydse oorlegpleging, koördinering en kommunikasie tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak te bevorder asook venootskappe tussen hulle te ontwikkel.

Die vernaamste doelstellings van die twintig-jaar viering is:

- Om eer te betoon aan die politieke denkers, onderhandelaars en opstellers (pioniere) van die Grondwet;
- Om twee dekades van Suid-Afrika se eerste demokratiese Gondwet te vier asook die aanwinste vir alle Suid-Afrikaners ten opsigte van politieke, maatskaplike en ekonomiese regte en vryhede sowel as van menseregte en die oppergesag van die Reg;
- Om patriotisme en nasiebou te bevorder deur 'n hernieude nasionale dryfkrag met betrekking tot die strewes wat die Grondwet verwoord;
- Om die kiesers te herinner aan die beduidende hervormings en veranderinge wat die Grondwet teweeggebring het, met besondere verwysing na die regte vervat in die Handves van Menseregte; en
- Om die uitruil van gedagtes te bevorder oor die betekenis wat die aanvaarding van die Grondwet vir die lewens van mense van verskillende generasies gehad het.